

26 Mei

1 Korintiërs 1:1-17

Die wonder van gemeente wees

Die gelowiges in Korinte tree vyandig teenoor mekaar op. Paulus wil hulle wys op die roeping tot eenheid, ten spyte daarvan dat hulle nie eenders is nie. Daar was groepvorming rondom menslike leiers, ongeduld teenoor ander menings, onwilligheid om te vergewe, trots wat verhoed het dat daar erkenning was oor foute wat gemaak is. Soos in 'n gemeente kan dit ook in 'n wyk of in kerkverband gebeur. Dan soek mense soms konfrontasie, onttrek hulle heeltemal of gaan soek ander weivelde of skinder agteraf.

Die apostel wys sy lesers op hulle gesamentlike verbondenheid aan God, in Christus. Hierdie is die taal van die Here se uitverkiesende liefde. Hy het hierdie verskeidenheid mense uit liefde aan Hom verbind om altyd by hulle te wees. Die prys daarvoor was Christus se bloed. Daarom moet ons van God se teenwoordigheid by ons getuig deur ons eenheid in liefde uit te leef (Joh. 17).

In die verskeidenheid lê juis ook die verskillende gawes van die Heilige Gees opgesluit (1 Kor. 12:14). Ons het mekaar nodig en kan mekaar aanvul. Dit vra van ons waardering vir mekaar, ore wat waarlik luister, meelewing, hulpverlening, geduld met andersheid in sake wat nie die Skrifbeginsel raak nie. Omdat God ons Vader is, is ons ook mekaar se broers en susters. Sondaars wat met God versoen is, is ook met mekaar versoen. Verskeidenheid mag dus nie verdeeldheid bring nie, maar juis saambinding as een liggaam onder een Hoof. So bly Christus sentraal in die kerk. Hy is die band wat die verskeidenheid tot 'n ware eenheid saambind.

Sing: Psalm 133:1,2

Ds. J.J. Viljoen (Orkney/Stilfontein)